H. B. Th.

191. T. 1 (15)

Bylae A by die notule van die Bondsraad 27.9.54.

DIE WESE EN BETEKENIS VAN DIE A.B.

VOORSITTERSREDE 1954.

Hier is ons nou weer by geleentheid van ons jaarlikse Bondsraad byeen. Weer geniet ons die voorreg om met Brs. uit alle dele van die land in aanraking te kom, om van hulle te verneem van die vraagstukke waarmee hulle te kampe het, en om met mekaar te bespreek dié maatreëls wat ter oplossing van ons vraagstukke aangewend kan word. Weer kry ons die geleentheid om bande van vriendskap en broerskap te hernuwe en te versterk, sodat ons steeds nader na mekaar toe gebring en steeds hegter aan mekaar gebind word om soos 'n verenigde leërmag na vore te marsjeer - nasiebewus, doelbewus en onbreekbaar in die stryd van ons volk. Laat ons besef dat dit waarlik 'n voorreg is om só byeen te kom; laat ons besef dat dit uit sulke byeenkomste is dat daar in die verlede groot dinge vir ons volk gebore is; en laat ons dus probeer om in die tydjie wat ons hier byeen is, die beste gebruik daarvan te maak, vanselfsprekend vir onsself dog veral vir ons volk daarbuite, wie se belange ons in swakheid maar met Godsvertroue na die beste van ons vermoë probeer dien.

A. Inleidend.

Dit het min of meer gebruiklik geword dat die Voorsitter van die U.R. in sy rede voor die Bondsraad, die een of ander vraagstuk of miskien 'n paar vraagstukke behandel wat die belange van ons volk raak en uit die aard van die saak dus die aandag van die A.B. verg. So het ons voor ons Bondsrade dan al indringende, aangrypende voorsittersredes gehad wat ons akute probleme in heldere lig laat sien het, wat ons die dwingende erns daarvan op treffende wyse tuisgebring het en wat ons tot gekoördineerde aksie aangevuur het. Oor die waarde van sulke redes is daar geen twyfel nie. Ons as Brs. is daardeur versterk en veredel; ons as A.B. is daardeur saamgebind en gelei.

Ek wil egter vanaand van hierdie gebruik afwyk. Ek wil nie oor die een of ander probleem daarbuite praat nie; ek wil nie oor vraagstukke praat waarvoor ons volk te staan gekom het en gevare waardeur ons volk bedreig word nie; en ek wil ook nie oplossings aan die hand doen nie. Ek wil oor die A.B. self praat; ek wil oor ons Bond en ons Brs. praat. Ek wil nie oor dinge daarbuite praat nie; ek wil oor dinge hierbinne praat, dinge binne ons eie kring, dinge wat ons optrede en ons verhouding teenoor mekaar raak.

Dit is noodsaaklik om ons van tyd tot tyd van hierdie dinge rekenskap te gee; en ek meen stellig dat dit veral vandag noodsaaklik geword het. Dit is of sekere verskynsels in die A.B. vandag luid daarom roep. Ons moet doen wat die groot moderne Duitse geskiedskrywer Meinecke in 'n stuk oor die funksie van die Staat en die pligte van die Volk o.a. gesê het: Die Volk moet hom nie op die buiteland blind staar nie; hy moet ook sy hand in eie boesem steek en hom van homself verslag gee.

Binne die A.B. hoor ons vandag menings wat soms baie uiteenlopend en selfs teenstrydig is. Die een Br. dring daarop aan dat die A.B., selfs vir erg kontensieuse kwessies, moet optree en - soos dit gestel word - "leiding moet aangee". Hierdie Br. sien in die A.B. 'n liggaam wat "geroepe is om altyd op die voorpunt te staan en wat, waar daar verskille van mening kom, 'n standpunt moet inneem en hierdie standpunt onverskrokke moet propageer. Die ander Br. waarsku weer dat die A.B. hom nie met verskille van mening moet inlaat veral nie met ernstige geskille nie, omdat hy vrees dat die A.B. dan stryd kan help aanwakker en deur sy houding twisappels in eie gelederе kan bring, wat miskien op die duur die A.B. self kan vernietig.

/Die.....

Die eerste Br. beskou homself as die Br. van aksie, en dit spyt hom dat die tweede Br. nie bereid is om meer te doen nie. Die tweede Br. beskou homself as die Br. van kalm berekening en hy vrees dat die eerste Br. onverantwoordelik kan wees. Die eerste Br. sê daar is gevaar dat die A.B. 'n „debatsvereniging" word; die tweede Br. sê daar moet gewaak word dat die A.B. nie 'n Ierse Republikeinse Leër in Suid-Afrika word nie.

Daar is nog ander uiteenlopende menings. Die een Br. sê dat in die A.B. Broerskap voorop gaan en hy vertolk Broerskap in die engere sin van die woord. Hy verlang dat daar tot die A.B. net persone toegelaat word wat temperamenteel van so 'n aard is, en soseer met mekaar ooreenkom, dat hulle in intieme kring werklik soos broers met mekaar sal omgaan. Dit moet dan beteken dat daar geen noemenswaardige verskille van mening tussen hulle mag kom nie; dat hulle mekaar in die gewone alledaagse omgang baie sal opsoek en dat hulle steeds, soos ware broers, gekenmerk sal wees deur voortdurende ondersteuning van en hulp aan mekaar. Die ander Br. aanvaar ook dat Broerskap voorop gaan, maar hy vertolk Broerskap nie in die letterlike, engere sin van die woord nie. Hy staan nie daarop dat almal in die A.B. temperamenteel so volkome met mekaar moet ooreenstem nie; hy gee toe dat Brs. hul besondere eienskappe mag hê, al maak sulke eienskappe hulle ook nou in die praktyk nie sulke maklike mense om mee om te gaan nie; hy eis slegs dat almal bowe alles ons volk sal dien, en dus in der waarheid broers in hul groot strewe sal wees. Hy gee ook nie om as Brs. in die gewone sosiale lewe nie so dikwels met mekaar omgaan nie, mits hulle hulle maar altyd van hul verhewe gemeenskaplike taak bewus bly en dit uitvoer. Die eerste Br. vrees dat die tweede Br. ware Broerskap geweld sal aandoen; die tweede Br. meen dat die eerste Br. te eng is en die werk van die A.B. op die duur mag laat skade ly.

'n Derde illustrasie. Die een Br. aanvaar geredelik dat die A.B. daar is om te dien en nie om aan Brs. persoonlike voordeel toe te bring nie, maar hy meen tog dat ware Broerskap behoort te beteken dat Brs. aan mekaar gunstiger behandeling sal gee as wat hulle aan nie-Brs. sal verleen. Waarom - so vra hy - sal Brs., as 'n Br. bv. 'n kandidaat vir 'n betrekking is, hulle nie inspan om so 'n betrekking aan die Br. te besorg nie? Waarom sal 'n Br. sakeman nie voordele - ook materiële voordele - aan Brs. laat toekom nie? Die ander Br. sê weer nee, Broerskap beteken nie dat 'n man omdat hy 'n Broer is by benoeming in 'n betrekking voorkeur bo ander Afrikaners - miskien baie verdienstelike Afrikaners - moet geniet nie. Hy meen ook nie dat Broerskap voordele in die sakelewe of waar ook al, moet meebring nie. Die eerste Br. meen dat Broerskap in die lewe daarbuite uitgedra moet word om iets prakties te word; die tweede Br. sien hier gevaar in, gevaar dat Broerskap met persoonlike voordeel geassosieer word en dat die diensmotief wat nooit na voordeel soek of vra nie, hierdeur vernietig mag word.

Daar het U nou voor U voorbeelde van gedagterigtinge wat ons vandag in die A.B. aantref. Daar is nie twyfel oor nie dat hierdie beskouinge sterk uiteenlopend is. En tog, uiteenlopend soos hulle is, is daar nie één van hulle wat heeltemal verkeerd is nie; inteendeel, ons moet geredelik erken dat daar in al hierdie gedagterigtinge 'n gesonde kern van waarheid steek en dat hulle almal op die een of ander rigting van ons A.B.-strewe gefundeer is. Die feit bly nietemin staan dat hierdie verskille van opvatting vandag tot ernstige geskille onder Brs. aanleiding gee; dat dit twis en tweedrag in afdelings veroorsaak het; dat die U.R. al verskeie kere verplig was om in sulke gevalle in te gryp en dat die U.R. al, met 'n sware gevoel van droefheid en weemoed, selfs tot die ontbinding van afdelings moes oorgaan, ten einde te voorkom dat stryd onder Brs. ons Afrikanersaak in sekere omgewings onherroeplike skade aandoen.

/U.....

U sien ons het rede om oor ons Bond en ons Broers te praat. Laat ons 'n paar oomblikke stilstaan; laat ons eerlik metonsself wees en laat ons nagaan wat ons houding met betrekking tot sulke uiteenlopende beskouinge moet wees. Laat ons dit doen deur onder die opskrif Die Wese en Betekenis van ons Bond na lig te soek.

B. Historiese Agtergrond.

Eerstens is dit nodig om op 'n paar hoofpunte in verband met die geskiedenis van die A.B. te let. Dit was 'n donker tyd in die geskiedenis van die Afrikaner toe die A.B. ontstaan het. Dit was die jaar 1918. 'n Verwoestende Wêreldoorlog was aan die gang. Teen sy sin was die Afrikaner ook daarby ingetrek. Pas agt jaar tevore was daar 'n Unie in Suid-Afrika gevorm, 'n Unie waarin, met dankbare hart, die Afrikaner ook ingegaan het, omdat hom belowe is dat in hierdie Unie smaad en hoon, haat en nyd en wraaksug vergeet sou word en Suid-Afrika 'n nuwe grootheid en nuwe vryheid tegemoet sou gaan. Enhier het die Afrikaner hom nou gevind, in hierdie selfde Unie, teen sy sin in 'n wêreldbrand ingetrek. Daar was Afrikaners, edele Afrikaners, wat in die wanhoopsdaad van die Rebellie uitkoms gaan soek het maar hulle het geen sukses gehad nie. In die maalstroom van die wêreldbrand is Afrikaner teen Afrikaner in die harnas gejaag, en die wanhoopsdaad van die Rebellie is deur die magte van die Imperialisme en die Groot-Kapitalisme gebruik om Afrikaner nog verder teen Afrikaner op te stook en te verbitter. Die Imperialisme het sy ou tegniek gebruik: hy het verdeel, en omdat hy verdeel het, kon hy heers. Dié tegniek was tevore al dikwels in Suid-Afrika gebruik, en later is dit ook weer meermale in toepassing gebring, maar nog nooit het die Imperialistiese slagspreuk: Divide et impera, soveel sukses in ons land gehad as juis in hierdie dae van die Eerste Wêreldoorlog nie.

Die Afrikanerdom was verdeeld en verbrokkeld. Hy was verswak en verneder. Hy sou nie weer opstaan nie, so het baie gemeen. Maar in dit alles het daar vir die Afrikaner die uitdaging gekom en, net soos verskeie ander volke waarvan die Geskiedenis getuig, kan hy die Here vir daardie uitdaging dank.

Die uitdaging - Het ons al daaraan gedink wat dit beteken vir die volk wat lewenskrag en selfrespek het? Die welbekende Engelse historikus van die moderne tyd, Toynbee, het diep op die rol van die uitdaging in die geskiedenis ingegaan, en alhoewel ons nie in alles met hom kan saamstem nie, bring hy ons tog voor sprekende waarhede. Het die ou Egiptiese beskawing dan nie tot bloei gekom in 'n land waar die onmeetlike woestynsand 'n gedurige uitdaging tot die mens gerig het en die stryd om die bestaan vir hom 'n stryd op lewe en dood was nie? Het die Nederlandse volk nie gedurig die uitdaging van die see ondervind nie, en het hulle nie letterlik hul land aan die see moes ontworstel nie? En tog het hulle in die sewentiende eeu 'n Goue Eeu beleef, en het hulle in Kuns en Wetenskap en Studie een van die voorste volke van Europa gebly. En het die Switserse volk nie die uitdaging van die berge gehad nie? Moes hulle nie letterlik die berge gaan bewerk om te bestaan nie? En tog het hulle hul klein getal ten spyt, in Europa 'n modelvolk en 'n modelstaat opgebou.

Die Afrikanervolk het ook sy uitdagings gehad, veral in 1918 toe hy deur ondergang bedreig is. Op staatkundige gebied, op kulturele gebied en op ekonomiese gebied het daar tekens van ontwaking van verset, van „lojale verset", gekom. In hierdie tyd is die A.B. gebore; sy koms was een van die vernaamste tekens van verset.

Saterdagaand 13 April 1918, d.w.s. nog voordat die Eerste Wêreldoorlog uitgewoed was, het dr. D.F. Malan wat vandag nie net 'n Br. is nie, maar inderdaad een van ons geesdriftigste Brs., 'n vergadering in die Johannesburgse Stadsaal gehou. Dr. Malan was

/toe.....

toe Redakteur van Die Burger en Voorsitter van die Nasionale Party in Kaapland; hy was een van die draers van die nuwe staatkundige gedagte van die Afrikaner, die gedagte wat toe nog maar tingerig en onseker na vore gekom het, maar wat dertig jaar later 'n magtige faktor in die staatkundige lewe van Suid-Afrika sou word en toe soos 'n onkeerbare nasionale vloedgolf oor ons velde en deur ons stede sou rol.

Onderwyl die vergadering in die stadsaal aan die gang was, het by 'n gemengde, woeste gepeupel daarbuite die woede teen die Afrikaner vinnig opgelaai. Die meubels van die Nasionale Party-klub in Lovedaystraat is uitgedra en in die straat verbrand. Daarna het die gepeupel voor die Stadsaal stelling ingeneem en toe die vergadering uitkom, is daar wrede aanvalle op die Afrikaners gemaak. 'n Klompie wakker jong kêrels het hulle flink geweer, maar teen die oormag was hulle nie bestand nie en bloed-bevlek is baie van hulle die aand daar weg.

Dit was hierdie insident wat die regstreekse aanleiding tot die stigting van die A.B. was. Twee jong manne was die aand daar aanwesig: H.W. van der Merwe en H.J. Klopper en hulle twee, saam met Danie du Plessis (vandag die Hoofbestuurder van ons Spoorweë) het in werklikheid die vernaamste stigters van die A.B. geword. Op Sondag 14 April 1918, in die randjies by Malvern in Johannesburg het hulle die ontstemmende gebeure van die vorige aand weer in oënskou geneem en besluit om onder die jong Afrikaners te begin organiseer, aangesien dit vir hulle duidelik geword het dat die tyd vir sodanige optrede ryp was.

By die begin het dit met die organisasiewerk begryplikerwyse swaar gegaan, want die organiseerders het self nie presies geweet wat hulle beoog nie. Hulle was jong manne en hul tyd en middele was beperk; hulle het ook nie noemenswaardige ervaring van sulke werk gehad nie en daar was ook nie dadelik 'n aansteeklike geesdrif vir hul saak nie. Maar hul gedagte was 'n Godgegewe gedagte. Hulle het volgehou; hulle het gaandeweg meer en meer ondersteuning gewen, en by hulleself het daar ook algaande meer lig gekom.

Wat hierdie klompie jong Afrikaners, hierdie stigters van die A.B., beoog het, vind ons opgeteken in sprekende woorde, wat in 'n referaat oor Broerskap gebruik is deur die eerste Hoofsekretaris van die A.B. Hy het verklaar:

> "Afrikaner moes Afrikaner terugvind, verskeurde bande van bloed- en geesverwantskap moes herstel word: <u>in 'n eendragtige strewe na die behoud van die Afrikaanssprekende Afrikaner</u>. Was daarbuite 'n gevoel van eensaamheid: hier sou omgang wees met geesverwante; Was daarbuite <u>on</u>verdraagsaamheid: hier sou wedersydse <u>ver</u>draagsaamheid wees; Was daarbuite impotensie: hier sou daadkragtigheid wees; Was daarbuite verguising: hier sou verédelende, wedersydse waardering aangetref word;
> Was daarbuite misverstand, wantroue en haat: hier sou simpatieke verstaning, waaragtige vertroue en liefde woon;
> Was daarbuite slawe wat vir loon gearbei het: hier sou ons Afrikaners wees wat in Volksdiens die grootste geluk sou smaak wat die menslike siel kan beskore wees;
> Was daarbuite denasionalisering, ontaarding, knegskap: hier sou wees bewuste handhawing, verrykende verédeling en uiteindelik weer nasionale heerskap;
> En boweal, was daarbuite vertwyfeling: hier sou wees <u>geloof</u>: geloof in die goeie reg van die Afrikanersaak, geloof in die lotsbestiering van Hom wat op die hart en op dade let.
> Is dit - só het die destydse Hoofsekretaris besluit - ten aansien van wat nou reeds gesê is, nog nodig om te sê dat die vorm wat dié 'eendragtige strewe' sou aanneem iets anders kon wees as 'n <u>Afrikaner-Broederbond</u>, en sy siel: <u>Broerskap</u>?

/Uit.....

Uit hierdie vroegste geskiedenis van die A.B. sien ons dat ons Bond hom van die begin af volkome in die diens van die Afrikanerdom geplaas het en die belange van die Afrikanerdom op verskillende maniere en terreine probeer dien het. Maar één punt staan hier in die beginstadium baie duidelik uit, nl. dat daar 'n bond gestig word, 'n bond waarin die Afrikaner . hom tot op sekere hoogte van die vyandige buitewêreld kon afsluit, 'n bond waarin die Afrikaner hom veilig kon voel, 'n bond wat bowe-al vir die beskerming van die Afrikaner sou werk.

Ons voel aan dat by die stigters die besef van die onsekerheid en gevaar van die tyd voorop staan, en vandaar dat hulle veral beskerming, 'n beskermingsmiddel, vir die verskeurde, onderdrukte Afrikanerdom soek. Beskerming was seer seker nie die enigste strewe van die A.B. nie, maar dat in hierdie besondere tyd van sy bestaan daar hierdie besondere klem nl. beskerming van die Afrikaner in die taak van die A.B. was, kan ons baie goed verstaan.

Die taak van die A.B. het dwarsdeur sy bestaan in hooftrekke steeds dieselfde gebly, maar dit is tog opmerklik dat daar, na mate toestande binne en buite die kring van die Afrikanerdom verander het, 'n verskuiwing van die klem plaasgevind het. Laat ons kortliks nagaan watter stadia daar, ná hierdie eerste stadium van beskerming, ingetree het.

Die A.B. was nog maar pas behoorlik georganiseer en het nog maar pas gevestig geraak, of ons merk reeds die eerste tekens daarvan op dat hy nie meer tevrede sou wees om die klem op die beskerming van die Afrikaner te laat val nie, maar dat hy verder wil gaan, dat hy met beslistheid en strydvaardigheid vir die Afrikaner in die bres wil tree. Toe in Mei 1921 die kwessie van moedertaalskole vir die eerste keer in die bestuur ter sprake gekom het, is daar 'n lang en diepgaande bespreking hieroor gevoer en eindelik 'n beleid in verband hiermee vasgestel. Hierdie beleid het die volgende hoofpunte bevat: dat dit heeltemal in ooreenstemming met die gees en die doel van die A.B. is om te besluit - dat aparte moedertaalskole vir die heil en welvaart van ons volk onontbeerlik is; dat die Bond hom aktief gaan beywer om meer belangstelling vir die onderwys op te wek; dat die Bond hom verbind om kragdadige propaganda vir moedertaalonderwys te maak; en dat dit van elke lid afsonderlik verwag word om in sy eie omgewing vuriglik vir moedertaalonderwys te werk en te stry. Dit was 'n sterk geluid hierdie, sterker as wat die A.B. tot dan toe laat hoor het. In die jare wat sou volg, sou die A.B. steeds meer en meer as vegter vir die Afrikanerdom in die stryd tree. Beskerming was beslis nie meer genoeg nie; daar moes nou strydvaardiglik opgetree, daar moes met krag geveg word.

In 1926 het die U.R. dit onder die aandag van Brs. gebring dat die Bond wel nie as sodanig optree nie, maar - in die woorde van die U.R. - „die indiwiduele Br. is die organisme in die Bond wat werk." Die U.R. het ook met nadruk laat volg: „Elke Br. in sy besondere omgewing word verwag om te werk soos 'n suurdeeg." Voortgaande op hierdie weg het die afdeling Rand-Sentraal die eerste Afrikaanse Kunsvereniging in Johannesburg in die lewe geroep en daarna gereeld kunswedstryde gereël. In 1927 het die U.R. weer die afdelings opgevorder om ernstige studie te wy aan onderwerpe soos die naturellevraagstuk, immigrasie, woekerwins en moedertaalonderwys, en het die U.R. ook verklaar dat dit tyd geword het vir die Bond om sy krag in verband met hierdie sake te laat geld.

Ons staan hiermee op die vooraand van kragtige en verreikende optrede deur die A.B. In 1929 het die Bond hom die toestand van die Afrikaner op kulturele gebied ten seerste aangetrek. Hy het ingesien dat die toestand van kulturele verbrokkeling en versnippering tot ernstige verswakking van die Afrikaner gelei het.

/Daar.....

Daar moes één groot, koördinerende liggaam geskep word, waarmee Afrikaanse kultuurliggame moes affilieer, sodat hul kragte opgevang, gekoördineer en gekanaliseer kon word. Die A.B. het hom dus sterk daarvoor beywer dat 'n verteenwoordigende Taal- en Kultuurkonferensie in 1929 in Bloemfontein byeengeroep is, waarheen afgevaardigdes uit alle dele van die land gekom het. Op hierdie byeenkoms is die F.A.K. gestig, die liggaam wat die noodsaaklike band tussen Afrikaanse organisasies daargestel het en wat sonder twyfel een van die skoonste uitvloeisels van A.B.-werk verteenwoordig. Vyf-en-twintig jaar lank is die F.A.K. nou al een van die sterkste bondgenote van die A.B.; in al dié jare dien hy nou al in baie opsigte as 'n openbare arm van die A.B., waarsonder ons seer seker nie so maklik en so doeltreffend na buite kon opgetree het nie.

Ondertussen het dit ook vir die Brs. duidelik begin word dat die Afrikaner op die gebied van die bankwese aan die vyand uitgelewer was. Die U.R. het die saak ernstig begin bestudeer en wyle br. J.J. Bosman het met die stoutmoedige gedagte na vore gekom dat die A.B. 'n bank moet stig. Aanvanklik het dit na 'n onbereikbare hersenskim gelyk, maar br. Bossie en sy medelede in die U.R. het aan die gedagte voort gewerk. In 1934 kon die stoutmoedige stap werklik gedoen word: die U.R. kon die oprigting van Volkskas rapporteer. In die begin het dit met Volkskas moeilik gegaan, bitter moeilik, want in 'n vyandige bankwêreld moes hy vir elke duim grond veg, maar die A.B. het agter hom gestaan en deur Volkskas het die A.B. vir ons volk in die bankwêreld geveg. In twintig jaar tyd het Volkskas een van die mooiste voorbeelde van strydvaardige A.B.-optrede geword, 'n prestasie nie net van die A.B. as sodanig nie, maar in werklikheid van die Afrikanervolk as geheel.

Ek kon nog baie ander voorbeelde van hierdie strydvaardige optrede noem: daar is die omskepping van die Voortsettingskomitee van die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk in die Instituut vir Volkswelstand; daar is die kragdadige steun aan jong Afrikanerstudente in die Geneeskunde, die Ingenieurswese en die Bantoekunde en daar is nog baie ander sulke dinge meer.

Uit dit alles sien ons duidelik hoe daar tussen ongeveer 1925 en 1945 'n verskuiwing van die klem in die werk van die A.B. gekom het. Die ou hoofstrewe, nl. om die Afrikaner te beskerm, het geensins verdwyn nie; dit was nog daar, maar daar het 'n nuwe klem gekom: nou moes daar strydvaardiglik vir die Afrikanerdom opgetree word, en daar is ook werklik in moeilike omstandighede met groot welslae vir die Afrikanerdom geveg. Hierdie verandering van klem kan 'n mens baie goed verstaan: die A.B. was nie meer die klein, tingerige organisasie van die beginjare nie, en die Afrikanervolk was ook nie meer die vertrapte, verskeurde volk van vroeër nie. Saam met die volk het die A.B. hom van toekomsmoontlikhede bewus geword en die A.B. sou vanselfsprekend nou veg vir die volk, uit die nood van wie hy gebore is en vir wie hy innig lief het.

Maar daar het 'n derde klem gekom, dit is die jongste wat ons vandag in ons eie werk sien. Die A.B. strewe nog steeds daarna om die Afrikaner te beskerm; hy staan ook nog steeds in die stryd as krygsman van die Afrikaner. Maar in die jongste jare het hy hom tog veral aan 'n besondere taak gewy, nl. die vereniging of konsolidasie van die Afrikanerdom. Dit is beslis nie vreemd nie. Ons weet almal watter verwoestende uitwerking verdeeldheid in die geskiedenis van ons volk gehad het. Dink maar aan die pioniersdae van die Afrikaner in die ou Kaapse binneland, die Afrikaner in die ou distrikte Swellendam, Graaff-Reinet en Uitenhage; dink maar aan die tyd van die Groot Trek; dink aan die tyd van ons grootste toets, die tyd van die Tweede Vryheidsoorlog; dink aan die tyd van die Eerste Wêreldoorlog, waarvan ons reeds hierbo gepraat het. Dit is waar dat ons juis in hierdie tye ook die

/skoonste....

skoonste heldedade van Afrikaners kry, maar dit neem nie weg nie dat ons in al hierdie tye nie net na buite toe, teen die vyand, moes veg nie, maar ook na binne toe, teen ons eie mense, om hulle hul verskille, soms kleinlike verskille, te laat vergeet en hulle vir die algemene beswil te laat saamtrek. Verdeeldheid - „ons erfsonde", so het wyle Br. Joon van Rooy dit eenkeer in 'n voorsittersrede genoem.

In die jongste jare van ons verlede, jare wat ons almal sien verby gaan het, het hierdie erfsonde weer in hoë mate te voorskyn getree. Die verwarring wat deur 'n verwoestende Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is en waarin Afrikaners, net soos gedurende die Eerste Wêreldoorlog om begryplike redes maklik oor toekomsplanne van mekaar verskil het, het 'n baie vrugbare teelaarde gebied waarin hierdie erfsonde welig kon teer. So het ons dan die pynlike verskynsel gekry dat gelykgesinde Afrikaners, republikeinsgesinde Afrikaners, omdat hulle die tekens van die tyd verskillend gelees het, mekaar nie in kalmte kon verdra nie, maar opgewonde geraak het en heftig en hard en bitter teenoor mekaar begin optree het.

Die verskynsel was as sodanig al gevaarlik genoeg, maar dit was des te gevaarliker omdat dit in so 'n gevaarvolle tyd voorgekom het. Ten gevolge van verskille van opvatting met betrekking tot toekomstige staatkundige rigtinge, het ons wat fundamenteel tog broers is, teenoor mekaar gaan stelling inneem en mekaar op baie plekke met heftigheid en bitterheid bestry. En dit terwyl ons vyande vriendelikheid en simpatie teenoor die Afrikaner geveins het, maar in werklikheid met 'n innerlik diaboliese welbehae staan en toekyk het. Dit is vir ons voorwaar 'n beskamende tyd, 'n tyd waaroor ons vandag liewer die sluier wil trek.

Wat het die A.B. in hierdie tyd te doen gestaan? Binne die A.B. was daar Brs. van verskillende denkrigtinge. Daar was Brs. wat hulle vierkantig geplaas het op die tradisionele beleid van die destydse Herenigde Nasionale Party en geen duimbreed daarvan wou afwyk nie; daar was Brs. wat saam met die O.B. geglo het dat ons partystelsel uitgedien was, dat dit omvergewerp of minstens ernstig hersien moes word; daar was Brs. wat geglo het in 'n Nuwe Orde en wat gemeen het dat in Suid-Afrika, net soos in sekere Europese lande soos Duitsland en Italië, ooreenkomstig so 'n Nuwe Orde, 'n nuwe bedeling moes intree; en daar was Brs. wat geeneen van hierdie gedagterigtinge in absolute sin aanvaar het nie, maar van oordeel was dat uit al hierdie rigtinge 'n stelsel opgebou moes word wat by die geskiedenis en aard van die Afrikaner die beste sou aansluit.

Wat sou die A.B. doen? Brs. van verskillende rigtinge het met nadruk aangedring dat die A.B. hom uitspreek, dat hy moes sê wie reg en wie verkeerd was. „Die A.B. moes leiding aangee", so het ons Brs. dikwels hoor sê; en toe dit nie na hul sin gebeur het nie, het sommige Brs. hulle harde woorde oor die A.B. laat ontval. Maar die A.B. was nie haastig om hom in 'n geskil onder Afrikaners uitspraak aan te matig nie. Die U.R. het die probleem deeglik en uitvoerig ondersoek, hy het met alle kante voeling gehou en toe tot die vaste besluit gekom: in 'n geskil onder Afrikaners, baie van hulle fundamenteel eendersdenkende, republikeinsgesinde Afrikaners, gaan die A.B. nie kant kies nie. Hy gaan nie kant kies om daardeur self - hy wat verskille onder Afrikaners moet bylê en oplos - die rampspoedige vuur te help aanblaas nie. Inteendeel die A.B. gaan Afrikaners na mekaar toe probeer bring om klowe te oorbrug en skeuring te heel, om broer weer broer se hand te laat vat en te laat vashou.

Van toe af het die A.B. onverskrokke op hierdie weg voortgegaan. Tyd en tydsomstandighede het van hom geëis dat hy, ofskoon

/hy.....

hy die volheid en verskeidenheid van sy taak nie vergeet het nie, die klem op die konsolidasie van die Afrikanerdom laat val het. En die A.B. het hom met erns en toewyding aan hierdie taak gewy. Een afvaardiging na die ander is na leiers van die verskillende kante gestuur; ernstige, langdurige samesprekings het plaasgevind, en daar is gesoek - ernstig, geduldig gesoek - na weë om toenadering te bewerkstellig. Verteenwoordigers van die U.R. het beskouinge en voorstelle van die een kant na die ander geneem; die U.R. het self met voorstelle gekom en met alle middele waaroor hy beskik het, getrag om koers en rigting aan onderhandelings te gee.

Ofskoon daar aanvanklik Brs. was wat dit nie met die standpunt van die U.R. eens was nie, het hulle tog hoe langer hoe meer ingesien dat die U.R. gelyk gehad het. Onder die leiding van die U.R. het daar meer en meer eensgesindheid onder Brs. gekom en die A.B. het 'n magtige faktor in die konsolidasie van die Afrikanerdom geword.

Ons sien die Afrikanerdom vandag meer eensgesind, meer gekonsolideerd, as ooit tevore in sy geskiedenis: selfs veel meer gekonsolideerd as na die verfoeilike Jameson-strooptog in 1896, toe Afrikaners van die Vrystaat en Kaapland van harte eens gevoel het met hul broers van Transvaal; en veel meer gekonsolideerd ook as in 1924, toe ons die eerste Nasionale oorwinning by die stembus aanskou het. Wat presies die aandeel van die A.B. in hierdie konsolidasie was, sal nie maklik bereken kan word nie. Maar die minste wat gesê kan word, is dat dit 'n hoogs belangrike bydrae was. Dit was 'n bydrae wat van die U.R. af deurgewerk het na elke afdeling toe, na elke omgewing toe waar daar 'n afdeling bestaan het. Dit was 'n bydrae wat onvermoeid volgehou is; 'n bydrae wat nie na dank of roem vir die een of die ander gevra het nie; 'n bydrae wat voortgedra deur 'n intense liefde vir ons volk, 'n suiwere uiting van onbaatsugtige Volksdiens was. Broers, laat ons die Here dank vir wat Hy, deur die A.B., vir die eenheid van ons volk gedoen het.

En nou, ons staan nog glad nie aan die einde van hierdie werk van konsolidasie nie. Die klem val vandag nog steeds daarop. Die A.B. moet toesien dat die swaar-verkreë eenheid wat met so veel geduld, toewyding en inspanning aan die bose magte van verdeeldheid ontworstel is, vir die toekoms gehandhaaf bly, en wat meer is, dat dit ook nog steeds verder uitgebou word. Daar is baie Afrikaners wat by ons hoort, maar wat vandag nog nie by ons is nie; daar is baie immigrante wat vandag ons land binnekom en wat na ons kant toe getrek moet word om in die toekoms met ons één te word. In my voorsittersrede van verlede jaar het ek nader hieroor gehandel en op ons plig in verband hiermee gewys. Een ding is seker: die A.B. moet sorg dat, terwyl hy voortgaan om die Afrikaner en sy belange te beskerm, terwyl hy onvermoeid vir die Afrikanerdom op die voorpunt veg, hy bowe alles boumeester van die eenheid bly, boumeester van 'n groot, nuwe Afrikanerdom wat vandag besig is om te verrys.

Hier het U die hoofpunte uit die geskiedenis van die A.B. wat ek vanaand onder U aandag wou bring. Vra ons wat die Wese en Betekenis van ons Bond is, dan het hierdie geskiedenis seker al in 'n groot mate vir ons die antwoord daarop gegee.

Daar bly egter nog twee punte oor, twee beginsels wat eintlik 'n eenheid vorm, omdat hulle in werklikheid moeilik van mekaar te skei is; twee beginsels wat in die A.B. tot 'n verhewe eenheid saamgewewe is en wat die essensie, die diepere wese en betekenis van die A.B. vir ons nog duideliker aan die lig laat tree. Hierdie twee beginsels is die twee skoonste sterre in die firmament van die A.B. t.w. Nasiediens en Broerskap. Laat ons, vóór ons afsluit, ook nog kortliks hierop let.

/C.....

C. Nasiediens en Broerskap.

Nasiediens en Broerskap is twee noodsaaklike beginsels van die A.B. as geheel en van elke Br. in die besonder. Daarsonder, of sonder die een of die ander daarvan, sou ons geen A.B. kan hê nie; en hy wat daarsonder is, of sonder die een of ander daarvan is, kan geen ware Br. wees nie. Sonder Nasiediens en Broerskap is die A.B. eenvoudig nie denkbaar nie.

Die eerste, Nasiediens, slaan op die verhouding tussen die A.B. of die indiwiduele Br. en ons volk; die tweede, Broerskap, slaan op die verhouding tussen Brs. onderling. Nasiediens veronderstel dat die A.B. of die indiwiduele Br. hom tot die diens van ons volk verbind; Broerskap veronderstel dat die Brs. hulle onderling tot 'n broederlike verhouding teenoor mekaar verbind. Hulle kom egter uit dieselfde bron voort, die bron van Liefde: ons wil ons volk dien, omdat ons ons volk lief het; ons wil in 'n broederlike verhouding tot mekaar staan, omdat ons mekaar lief het, Liefde vir ons volk en liefde vir mekaar - dit is wat hier saamgaan.

Uit wat hierbo in verband met die geskiedenis van die A.B. gesê is sal dit duidelik wees dat ons Bond hom van die begin af, omdat hy 'n intense liefde vir ons volk het, in die diens van ons volk gestel het. Of hy beskermend opgetree het, of hy vuriglik geveg het, of hy saamgebring en gekonsolideer het, hy het maar net één ding beoog: diens aan die Afrikanervolk.

Nou spreek dit byna vanself dat daar tye sal kom wanneer ons van mekaar sal verskil oor die maniere waarop ons ons volk moet dien. Aan die begin het ek daarop gewys dat daar, populêr gesê, Brs. van „aksie" en Brs. van „kalm berekening" is. Die Br. van „aksie" meen bv. dat, wanneer daar kontensieuse kwessies kom, die A.B. moet ingryp en „leiding gee". Hy glo ook dat ons teen ons Regering in die openbaar, bv. in koerante en ander tydskrifte, moet optrek indien ons meen dat die Regering foute maak. Die Br. van „kalm berekening" keur sulke gedagtes weer sterk af. Maar albei is eerlik, en albei is in hul hart oortuig dat hulle die volk se ware belange wil dien.

Dit is by sulke geleenthede dat die eis van selfbeheersing in hoë mate aan die A.B. en aan elke Br. gestel word. Ons waardeer die geesdrif van die Br. van „aksie" maar dis heeltemal duidelik dat hy, as hy vrye teuels gelaat word, in die hande van ons vyande sal speel; dat hy nuwe twisappels in ons midde sal gooi en dat hy ons swaar-ontworstelde eenheid in groot gevaar sal stel. Daarteenoor kan ons ook nie altyd met die Br. van „kalm berekening" saamstem nie, want as hy oral sy sin moet kry, kan dit miskien gebeur dat daar 'n gebrek aan aksie ontstaan.

In sulke gevalle is dit noodsaaklik dat ons duidelik verstaan wat die ware belange van ons volk eis, en dit is die plig van die U.R. om hierin voorligting te gee. Ons sal moet verstaan dat ons nie ons volk dien as ons ons Regering, wanneer ons van hom verskil, tot voldoening van ons vyand in die openbaar heftig gaan aanval nie. Ons sal eweseer moet verstaan dat ons ons volk nie dien as ons, wanneer ons van ons Regering verskil, maar doodstil bly sit nie. Nee, Broers, nie een van hierdie twee weë is die regte nie. In sulke gevalle is die regte weg - die weg wat die A.B. pas - dat ons dan na ons Brs. Volksraadslede of Senatore of ons Brs. Ministers gaan en reguit en ruiterlik en nadruklik aan hulle sê waar ons meen dat hulle verkeerd handel. Dan bly dit tussen ons as Afrikaners; ons stel ons nie bloot aan ons vyande nie; en ons swaar-verkreë eenheid word nie so maklik in die gedrang gebring nie.

/Ware.....

Ware diens van ons volk bring ook mee dat ons nie eng en kleinsielig in ons keuring van Waarskynlike Applikante sal wees nie. By die begin het ek verwys na verskille van mening tussen Brs. oor wie as Waarskynlike Applikante voorgestel en eventueel as nuwe Brs. binne die A.B. toegelaat moet word. Vanselfsprekend moet daar in 'n afdeling eensgesindheid bestaan en dit bring mee dat daar by Waarskynlike Applikante op temperamentele eienskappe gelet moet word. Maar dit het vandag werklik 'n vraag geword of sommige Brs. nie te seer op hierdie sogenoemde temperamentele eienskappe let en 'n te enge vertolking daarvan gee nie.

As U U volk waarlik liefhet, as U Uself en U afdeling en die A.B. waaragtig en aktief in die diens van U volk wil sien, wie wil U dan liewer as Br. saam met U in U afdeling hê: die man wat temperamenteel volkome met U ooreenkom maar wat - ofskoon hy 'n goeie mens mag wees - miskien nooit veel sal uitrig nie; of die man wat temperamenteel net 'n bie' ie van U verskil, maar wat reeds jare en jare as Afrikaner gewerk en geswoeg het. Moet U hierdie aktiewe Afrikaner buite hou omdat hy U miskien eendag 'n haastige antwoord gegee het, of miskien nie vir U by 'n stadsraadsverkiesing gestem het nie, of U kandidatuur vir 'n betrekking miskien nie gesteun het nie? Is dit nie dikwels juis hierdie soort manne wat ons in die A.B. moet hê om die A.B. meer aktief in die diens van ons volk te stel nie? Is dit nie juis vir hulle wat U nodig het nie en vir U as A.B.-afdeling wat hulle nodig het nie?

Ek was diep getref deur 'n woord wat br. A.J. v.d. Merwe van Kaapstad eenkeer by 'n sametrek van Brs. gespreek het: „Die ware Br. is nie noodwendig hy met wie ek heeldag hand om die nek kan sit nie; maar hy van wie ek weet dat hy hom met hart en siel aan die diens van sy volk oorgegee het, al weet ek ook dat ek in sekere persoonlike dingetjies van hom mag verskil". Brs., ons moet in die A.B. groter wees as klein persoonlike of temperamentele verskille; ons mag nie dat klein persoonlike, temperamentele verskille afdelings lam slaan of selfs verwoes nie. Ons strewe na Nasiediens moet ver bo die klein persoonlike dingetjies uitstyg. Immers: Nasiediens is 'n noodsaaklike voorwaarde vir Broerskap; sonder Nasiediens kan ons geen Broerskap hê nie.

Ons moet besiel wees met die gees wat so kenmerkend van ons geliefde ou vriend wyle br. Joon van Rooy, was. Br. Joon het hom letterlik in die diens van ons volk afgesloof en in die A.B. het hy dié één groot ideaal steeds onverpoosd nagestreef, nl. dat die A.B. voortdurend onwrikbaar vas in die diens van ons volk sal bly. Enige jare gelede, in die tyd toe - soos ons hierbo gesien het - die gevoelens tussen Afrikaners soms hoog geloop het, is daar by br. Joon ook aangedring dat hy moet kant kies. Maar hy het geweier omdat hy geweet het dat sy werk om Afrikaners weer na mekaar toe te bring, daardeur groot afbreuk aangedoen sou word. Toe het een van sy vriende hom venynig toegevoeg: „Ja, ou Joon, jy is ook maar 'n draadsitter!" Broer Joon het kalm maar beslis geantwoord: „Nou goed vriend, dan is ek 'n draadsitter, maar dank God 'n draadsitter vir my volk." Broers, daar het U die gees van die A.B., daar het U die gees wat ons almal moet besiel as ons waarlik in die diens van ons volk wil staan.

Aan die begin het ons ook gesien dat daar Brs. is wat, ofskoon hulle aanvaar dat die A.B. eers en veral vir nasiediens bestaan, tog ook meen dat ware Broerskap behoort te beteken dat Brs. aan mekaar gunstiger behandeling sal gee as wat hulle aan nie-Brs. sal verleen. Vir sover so iets spontaan gebeur, vir sover dit nie verwag word en daar nie na gesoek word nie, is daar seker niks mee verkeerd nie. Dit is ook maar net natuurlik dat Brs. wat hartlik en intiem saamwerk, mekaar simpatiek en tegemoetkomend sal behandel. Maar Broerskap beteken beslis nie dat ons moet verwag om daardeur persoonlike voordeel te verkry nie.

/Uit.....

Uit die geskiedkundige agtergrond van die A.B. het ons gesien hoe die A.B. homself volkome vergeet het en hoe hy homself, met al die kragte en middele tot sy beskikking, aan die diens van die volk gaan wy het. Brs. wat in hierdie diens opgetree het, het eiebelang vergeet en hulleself volkome vir die diens van die volk gegee. Hulle het nie na eer of na roem of na loon gesoek nie. Trouens, geen Br. het nog ooit vir betaling, of enige ander persoonlike voordeel, sy volk gaan dien nie. Maar Brs. het hul volk gaan dien omdat hulle as lede van die A.B. in die diens van die volk hul hoogste geluk gevind het. Waar sien ons dit beter as by daardie klein Gideonsbende, die stigters van die A.B.?

Brs., ons mag nie toelaat dat die gedagte van persoonlike voordeel, selfs in die allerminste, by die A.B. insluip nie. Ek voel vandag nog diep verontwaardig en geskok as ek dink dat ek 'n Br., nee gelukkig 'n gewese Br., eenkeer met uitdagende onverskilligheid hoor sê het: „Al voordeel wat ek ooit van die A.B. gehad het, is dat 'n medikus wat ook Br. was, my halfprys vir 'n operasie gevra het." 'n Mens kan maar net dankbaar voel dat hierdie man vandag nie meer in die kring van die A.B. is nie.

Ons mag nie verwag dat ons Br. sakeman ons, net omdat ons Brs. is, gunstiger as ander Afrikaners sal behandel nie; ons mag nie verwag dat ons Br. professionele man ons, net omdat ons Brs. is, bo ander Afrikaners sal bevoorreg nie. As Brs. sakemanne of professionele manne dit spontaan doen en dit kan bekostig, dan is dit egter hul eie saak. Ek mag ook nie van my kant verwag dat ek net omdat ek 'n Br. is, by 'n verkiesing vir die een of ander doel of by aanstelling in 'n betrekking, sonder meer op die stemme van Brs. aanspraak kan maak nie. So gou ek hierdie dinge verwag, of daarna soek of daarom vra, so gou dit gebeur, is ek nie meer 'n ware Br. nie, maar het ek 'n vuige gewinsoeker geword.

Ek moet immers onthou dat daar omstandighede mag wees en dat my mede-Brs. mag oordeel, dat die belange van die Afrikanerdom selfs beter gedien kan word deur 'n Afrikaner wat nie Br. is nie, as deur my wat Br. is. Ek mag nie my mede-Brs. sonder meer ontrouheid, afguns en onwil ten laste lê nie. Ek moet ook onthou dat wanneer ek as Br. naas 'n ander Afrikaner, wat nie Br. is nie, vir 'n betrekking te staan kom, Broerskap alleen nie sonder meer deurslag kan gee nie. Ek moet onthou dat Broerskap net deurslag kan gee as ander dinge, soos bekwaamheid, persoonlikheid en karakter, gelyk is. As ek dit alles nie onthou nie, moet ek weet dat ek geen ware Br. meer is nie, maar dat ek materialis geword het, wat die A.B. vir my eie kleinsielige persoonlike voordeel wil misbruik.

D. <u>Slot</u>.

Laat ons afsluit. Na aanleiding van hierdie beskouing oor die geskiedenis van die A.B. en oor sy beginsels van Nasiediens en Broerskap, het ons 'n blik in die diepere wese en betekenis van ons Bond probeer kry. Ons het gesien dat die ware wese van die A.B. daarin geleë is dat die A.B. 'n intieme verband tussen Brs. is, 'n onbreekbare verband tussen manne wat in die volle besef van die erns van hul taak, na mekaar toe gekom het en mekaar belowe het dat hulle soos broers met mekaar sal saamwerk. Die diepere wese van die A.B. is daarin geleë dat dit 'n verband van manne is wat hul volk as 'n groot huisgesin beskou en wat hulleself as die broers in die groot huisgesin sien, manne wat klein persoonlike verskilletjies vergeet en hulle steeds van 'n groot allesoorheersende, fundamentele eenheid bewus bly. Broers en Broerskap - dit is die groot elemente vir die diepere wese van ons Bond.

Maar ons het ook gesien dat die betekenis van ons Bond daarin geleë is dat hy as geheel, en die Broers in die besonder, homself en hulleself, en hul eie, persoonlike belange gaan vergeet het

/en.....

en hulle volkome in die diens van hul volk gaan stel het. Of dit beskerming van die Afrikaner was, of dit strydvaardige optrede vir die Afrikanerdom was, of dit saamvoeging en konsolidasie van Afrikaners was - altyd en oral was daar net één groot doel, nl. diens aan ons volk. Waar sien ons hierdie strewe duideliker en treffender as by daardie nederige groepie stigters van die A.B. wat in die moeilikste omstandighede, met 'n verterende nasieliefde die ideaal van Nasiediens prakties uitgeleef het? Vir ons wat daarná gekom het, bring hul voorbeeld kragtige aansporing en besieling, want ons, soos hulle, glo dat dit nie maar toeval is dat die Afrikaanse volk hier op ons velde en tussen ons berge ontstaan het nie. Ons, soos hulle, glo dat God ons volk met 'n bepaalde doel hier in aansyn geroep het en ons, soos hulle, wil ons volkome in die diens van ons volk stel, sodat ons, ofskoon in ons menslike swakheid, deur God in die uitvoering van Sy Groot Raadsplan gebruik kan word. Nasie en Nasiediens, dit is die groot elemente in die diepere betekenis van ons Bond.

En nou weet ons, Broers, dat daar Brs. is, wat die diepere wese van die A.B. soms geweld aandoen en wat toelaat dat klein persoonlike of temperamentele verskilletjies broedertwis in afdelings meebring. Ons weet ook dat daar Brs. is, wat die diepere betekenis van die A.B. nie reg verstaan nie en wat hulle soms die een of ander persoonlike voordeel ten gevolge van hul lidmaatskap van die A.B. wil veroorloof. Maar, Brs., laat ons tog waak en bid dat diesulkes tot 'n ware besef van die Wese en Betekenis van die A.B. sal kom. Laat ons egter nie net in terme van andere dink nie, maar vernaamlik ook in terme van onsself. Laat ons teen onsself waak en vir onsself bid, want, U en ek, ons staan almal eweseer bloot aan die gevaar om teen die siel van die A.B. te oortree.

Terwyl ons waak en bid, dank ons egter die Here uit die diepte van ons harte dat Hy ons die A.B. gegee het en dat Hy ons lede gemaak het van die A.B., ons Bond wat met die verhewe ideale van Broerskap en Nasiediens 'n ligpunt gebly het in 'n materialistiese selfsugtige tyd. Ons dank die Here vir die groot getalle Brs. wat nog steeds getrou gebly het en wat vir ons die A.B., ten spyte van dreigende gevare, in sy geheel ongeskonde bewaar het tot vandag toe.

Mag hierdie Bondsraad vir ons almal baie vrugbaar wees. Mag dit ons leiding gee vir die toekoms, en besieling vir die taak wat voorlê. Mag die behandeling van ons hoofonderwerp, nl. Ons Republikeinse Strewe, vir ons 'n skone, lank-gekoesterde ideaal van die Afrikanervolk duidelik voor oë stel; en mag daardie behandeling ons die noodsaaklike riglyne vir die toekoms gee.

Mag hierdie Bondsraad 'n bydrae lewer, sodat ons optrede in verband met ons skone Republikeinse ideaal ook steeds deur hartlike Broerskap en versigtige, ware Nasiediens gekenmerk sal word. Dan sal ons ook in hierdie werk die Wese en Betekenis van die A.B. ongeskonde bewaar. En dan sal ons miskien ook nog kan help om 'n Republiek in Suid-Afrika te verkry, 'n Republiek wat die Afrikaner nie net met vreugde sal ontvang nie, maar 'n Republiek wat bowe alles 'n verdere volvoering van Gods plan met die Afrikanervolk sal wees.